# Hillcrest High School

Graad 9

# AFRIKAANS EAT V2

JUNIE 2023

**PUNTE:** 90

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. M. Henderson

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Dialoog** | **(30)** |
| **Afdeling B : Kortverhale** | **(60)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
6. **Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Schoeman en Henderson**
7. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
8. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
9. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A**

Skryf ‘n **DIALOOG** van 120 - 150 woorde oor die volgende onderwerp.

Jy gesels met een van jou maats oor ‘n idee/idees wat jy het om jou skool te verbeter.

Jy moet jou idees vir jou maat vertel en jou maat moet vrae vra daaroor en sy/haar opinie daaroor lewer.

- Onthou om die KORREKTE FORMAAT vir ‘n dialoog te gebruik.
- Jy moet beplanning doen, ‘n eerste poging en ‘n finale poging skryf.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die dialoog neer.
- Skryf netjies en leesbaar.

**Totaal Afdeling A: 30**

**Afdeling B**

**Vraag 1: Die rugby jock (Jaco Jacobs)**

Ek, aan die ander kant, is waarskynlik aangeneem. Want ek het nie ‘n sportiewe been in my liggaam nie. Ek het die *ball sense* van ‘n baksteen. My idee van oefening is om biblioteek toe en terug te stap. Of gee my ‘n goeie fliek – en daarmee bedoel ek nie een of ander breinlose tienerkomedie nie.

“Hoe lyk dit, Sussa, gaan jy vir ons iets ingooi om te drink?” vra my broer nou die middag toe hy en sy troppie manlike chauvinistiese otte van die rugby af kom. Hulle is die ene *grass* burns en ruik soos iets waarmee jy ‘n biologiese oorlog teen ‘n kleinerige Afrikaland kan voer.

“Vra vir daai *cute* sussie van jou of daar nie iets is om te eet ook nie,” snork een van die ander otte. “Ek gaan *uitpass* van die honger.”

1.1 Wat noem ons iemand wat glo ‘n vrou se plek is in ‘n kombuis? (1)

1.2 Verduidelik wat ‘n “rugby jock” is. Noem twee feite. (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.
"Hy dink die son skyn blokkies as hy op 'n tuinstoel sit," beteken:

A - hy dink die son is baie warm
B - hy hou daarvan om te sit
C - hy dink baie van homself
D – hy verander die sonskyn (1)

1.4 Wat is die broer se bynaam vir sy suster? (1)

1.5 Na die rugbyoefening ruik die seuns nie lekker nie. Haal 'n sinsnede van 12 opeenvolgende woorde aan wat aandui hoe die seuns ruik. (1)

1.6 Gebruik die woorde in die blokkie hieronder om die volgende paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en jou antwoord neer.

| werk, mooi, kombuis, tuin, harde, rugby, sport, rock, oulik |
|---|

Die spreker en sy maats glo dat 'n vrou se plek in die __1.6.1__ is.
Die spreker dink nie sy is __1.6.2__ nie. Sy luister na __1.6.3__ musiek en doen glad nie __1.6.4__ nie. (4)

1.7 Wat het die spreker se bloed een middag laat kook? (1)

1.8 Watter huislike taak sal die spreker se broer nie doen nie? (1)

1.9 Wie is die nuwe seun in die skool?

1.9.1 Gee sy naam. (1)
1.9.2 Noem TWEE feite oor sy voorkoms. (2)

1.10 Waarheen was hulle ouers daardie oggend? (1)

1.11 Wat het haar broer se vriend aangebied om dié Saterdagoggend te doen? (1)

Oukei, so toe voel ek soos 'n pôpô.

Dis dalk waarom ek aangebied het om toast te maak terwyl hy die spek en eiers gaarmaak.
En dalk is dit hoekom ek begin saamgesels het toe hy my vra van watse flieks ek hou.
Die era van wonderwerke is nog nie verby nie. 'n Rugby jock wat weet wie Tim Burton en Woody Allen is? Ek weet, ek weet – ek kon dit self nie glo nie.
So, as jy regtig wil weet: Dís hoekom ek vandag hier is. Op die pawiljoen. Ja, ek kan nog steeds nie 'n senterskakel en 'n losvoorstut uitmekaar ken nie. En nee, moenie dink ek dra deesdae vir my broer en sy rugbypelle koeldrank aan soos 'n getroue slaaf nie. Maar een van sy rugbypelle kom kuier deesdae meer vir mý as vir hom...

1.12 Waarom het die spreker soos 'n "pôpô" gevoel? (1)

1.13 Wat anders omtrent die nuwe seun het die spreker beïndruk? (1)

1.14 Hoe weet ons dat die nuwe seun in die spreker belangstel? (1)

1.15 Wat is die les wat ons uit hierdie verhaal leer? (1)

(20)

**Vraag 2: Sorry, Ma (Jaco Jacobs)**

Ek weet ek het gesê Ma-hulle kan my vertrou en my alleen by die huis los. Ek was regtig nie van plan om 'n partytjie te hou nie. Eintlik het ek net vir Regard genooi. Of hoe, Regard? Dis mos die waarheid, né? Sien, Ma?
Ons was van plan om die hele aand PlayStation te speel. Maar toe hoor Theuns daarvan – Ma weet mos, Theuns, tannie Ina se seun, wat saam met my in die klas is? Hy't gehoor van ons PlayStation-aand en toe vra hy of hy ook maar kan kom inloer,want hy het hierdie great nuwe *game* gekry wat ons kan jol.

2.1 Wat gebruik die spreker om sy verduideliking (explanation) vir sy ouers op te neem? (1)

2.2 Wie het die spreker gehelp om die "opname" (recording) te maak? Gee sy naam. (1)

2.3 Noem drie (3) dinge wat daardie aand verkeerd verloop het. (3)

2.4 Was die spreker se ouers reg om hom te vertrou om alleen by die huis te bly? JA/NEE. Waarom sê jy so? (1)

2.5 Gebruik die woorde in die blokkie hieronder om die volgende sinne te voltooi:

| |
|---|
| alkohol, ‘n rugbybal, pons, ’n videospeletjie, kos, visse, ‘n band, CD’s, koeldrank |

Theuns het __2.5.1__ en __2.5.2__ saamgebring.

Die spreker sê hy weet nie of daar __2.5.3__ in die pons was nie. (3)

2.6 Noem een rede waarom ons kan sê Theuns is lomp. (1)

| |
|---|
| Ma sien, die ding is ek wéét mos hoe mal Ma oor daai Persiese mat is, daai een wat Pa vir Ma gekoop het nadat julle ‘n week lank vir mekaar kwaad was. Ek onthou Pa het eenkeer gesê die ding kos meer as ‘n klein Karooplasie. Daarom het ek groot geskrik toe die helfde van die punch op Ma se mat uitval. Nie een van ons het geweet wat om te doen nie. Toe gaan haal ek maar die stofsuier. |

2.7 Hoekom, dink jy, het die spreker se pa vir sy ma ‘n Persiese mat gekoop? (1)

2.8 Hoe weet ons die mat was baie duur? Haal 8 opeenvolgende woorde aan as jou antwoord. (1)

2.9 Wat het met die stofsuier gebeur toe die spreker dit gebruik het? (1)

2.10 Wie is “Ocean” en “Basket”? (1)

2.11 Hoekom het hulle doodgegaan? (1)

2.12 Wie is Landie? (1)

2.13 Kies die regte antwoord om die sin te voltooi. Skryf dit dan neer.

Landie is op die oomblik by (die universiteit / die see.) (1)

2.14 Watter item sal die spreker se ouers dalk goedkoper kan kry wanneer hulle dit vervang? (1)

2.15 Waarom sal hulle hierdie item (in vraag 2.14) goedkoper kan kry? (1)

2.16 Waarom het die spreker besluit om eerder daardie aand by sy vriend se huis te gaan slaap? (1)

(20)

**Vraag 3: Gulsige Harry (Jack Byrne)**

| |
|---|
| Harry trek sy das reg, skiet sy sigaret weg en vee sy hare met spoeg plat voordat hy die deurklokkie lui. Sy rewolwer lê swaar in sy jas se sak, maar hy gee nie om nie.<br>Toe is sy by die deur en is dit tyd om te glimlag.<br>"Hallo, Mooiste."<br>"O, Harry...." Die vrou glimlag flou en kyk na haar horlosie. "Wat 'n verrassing."<br>"Ja, ek weet, " glimlag Harry. "Dis laat en ek was veronderstel om jou 'n paar dae lank nie te bel of te sien nie, maar ek kon net nie wegbly nie."<br>Hy gee haar sy beste kleinseuntjie-blik.<br>"Jy is nie kwaad nie, né? Ek bedoel, as jy is, kan ek maar net in my kar klim en ry en...".<br>Die vrou skud haar kop en glimlag. "Nee, Harry, ek is nie kwaad nie." Sy sug. "Wil jy inkom?" |

3.1 Gee 9 opeenvolgende woorde wat bewys dat Harry gewapen was. (1)

3.2 Haal 'n sin aan wat vir ons aandui dat Harry Muriel se hart probeer sagmaak. (1)

3.3 Wat is Harry se grootste wens? (1)

3.4 Ons kan aan Muriel se huis sien dat sy geld het. Noem 2 dinge wat Harry sien. (2)

3.5 Die volgende stellings is ONWAAR. Motiveer waarom.

3.5.1 Muriel se bus sou die volgende oggend om agtuur vertrek. (1)

3.5.2 Harry wou net die lewende paddas steel. (1)

3.6 Watter woord sê vir ons dat Muriel se man nie meer leef nie? (1)

3.7 Wat het sy in Suid-Amerika gedoen? Wees spesifiek. (2)

3.8 Verduidelik hoekom Harry verras was toe hy Muriel so maklik kon besteel het. (1)

| |
|---|
| Harry steek die kristalpadda in sy sak en roer sy vingers. "Moenie jou bekommer nie, Muriel. My vingers het baie saggies gewerk."<br>"Is jy seker jy het net met jou vingers aan hulle geraak?"<br>"Wat wil jy hê? 'n Getekende beëdigde verklaring?" Harry loop na haar. "Ek gaan jou nou vasmaak..." |

3.9 Hoekom kyk Harry op ʻn stadium so geskok na Muriel? (1)

3.10 Watter 2 van die volgende was NIE simptome wat Harry gehad het nie.

Swaar tong, kopseer, kry warm, hart klop wild, maagpyn (2)

> "Help my..." Harry se stem is net ʻn fluistering. Sy hart klop wild in sy bors. "Ek sal, Harry. Maar ek wil eers hê jy moet weet, jy het my baie bang gemaak. En ek hou nie daarvan om bang gemaak te word nie." Sy bly stil. " Ek sal hulp roep, Harry..." Sy tel haar glas op en drink ʻn teugie.
> "Oor ʻn minuut of twee."

3.11 Gee een moontlike rede waarom Muriel nie dadelik ʻn ambulans gebel het nie. (1)

3.12 Waarvoor was Muriel die liefste in haar lewe? (1)

3.13 Wat het aan die einde met Harry gebeur? (1)

3.14 Pas die woorde van kolom B by die stellings in kolom A. Skryf slegs die vraag nommer en die letter neer.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 3.14.1 padda se oë | A - akwarium |
| 3.14.2 vistenk | B – robyne |
| 3.14.3 pylpadda | C - visse |
| | D - giftig |
| | E – baie groot |

(3)

(20)

**Totaal afdeling B: 60**

**Groot totaal: 90**